Greater Cederberg
Fire Protection Association

Notule van Algemene Jaarvergadering

23 Junie 2016 (10:00 – 13:30)

Klipzaam - Vredenburg

1.	Opening en Verwelkoming

Bertus Senekal verwelkom almal teenwoordig op die vergadering.

Sien: Aanhangsel 1 – Teenwoordigheid register en Aanhangsel 2 – Lys van Verskonings ontvang

2.	Goedkeuring van vorige notule

Die vorige notule (24 Julie 2015) word aan die vergadering voorgelê. Goedkeuring van die notule word deur Steyn Marais voorgestel en dit word gesekondeer deur Jacques Smit.

3.	Terugvoering
3.1	Weskus Distrik Munisipaliteit (WKDM)

Bertus Senekal gee terugvoering oor die werksaamhede van die WKDM die afgelope brandseisoen.

- Die 2015/2016 brandseisoen was relatief stil in die Weskus streek, daar was 6 groot vure wat langer as 4 dae geneem het om te blus en 2 vure wat langer as 2 weke geneem het om te blus.
- Die afname in veld en bosbrande gedurende die afgelope brandseisoen word toegeskryf aan die gesindheid van die GCBBV lede en lede pas die reëls en voorsorgmaatreëls toe wat aan hul voorgestel is in die brandbestuursplanne.
- Daar is ‘n afname in brandbestryding en vure word toegelaat om te brand omrede lede se brandbane en voorsorg maatreëls in plek is op hulle eiendomme.
- Die GCBBV en WoF produksie spanne het meer as 500ha se beheerde brande gedoen wat daartoe ly dat die brandstof lading verminder.
- Die terugvoering van GCBBV lede is baie meer positief as teenoor die van ander Brandbeskermingsverenigings (BBV).

3.2	Brandpermitte

Brandpermitte sal vir 2016/2017 gratis wees aan opbetaalde GCBBV lede, wat in werking sal tree vanaf 1 Julie 2016. Grondeienaars wat nie aan n BBV behoort nie se brandpermit fooie is verhoog.

Charl du Plessis stel voor dat die WKDM skriftelik hiervoor bedank word.

3.3	Lugondersteuning

Francois Weyers (Kishugu Lugondersteuning) gee terugvoering oor die WoF lugondersteuning program.

Probleme met die her-lisensiering van die vliegtuie en helikopters is uit die weg geruim. Daar is meer praktiese stappe geneem aangaande die inspeksie en herstel van foutiewe lugvaartuie, wat die proses van inspeksies en oudits vergemaklik en bespoedig. Daar is ook besluit om die vlieëniers opleiding te gee om self hul lugvaartuie te inspekteer wat meer tyd gaan bespaar.
Daar word 'n ekstra vastevlerk vliegtuig en helikopter aan die Weskus streek toegeken vir die die komende 2016/2017 brandseisoen wat die blus van brande gaan bespoedig.
Lugvaartuie sal weer aan die Weskus distrik verskaf word vanaf 1 November 2016.

Die volgende belangrike punte is uitgelig:

- Grondeienaars wat lid is van die GCBBV moet steeds BBV kontak om lugondersteuning te bekom;
- Lede moet seker maak dat hulle versekering in plek en op datum is;
- Bertus Senekal noem dat die staat vir die eerste uur van lugondersteuning betaal en dit word beskou as die mees kritieke uur van die hele operasie en lede moet so gou as moontlik brande rapporteer by 022-4338700.

3.4	Finansiële verslag

Jacomien Britz lê die finansiële verslag vir tydperk Maart 2015 – Februarie 2016 aan die vergadering voor.

- Lede betaal hul lidmaatskap fooi meer getrou die afgelope twee jaar;
- Betaling van lidmaatskap fooie is baie belangrik, aangesien dit die GCBBV se enigste bron van inkomste is;
- Bankstate is beskikbaar vir lede wat dit graag wil besigtig.

Rudolf Andrag maak van die geleentheid gebruik om Jacomien te bedank vir haar toewyding en harde werk.
Sien: Aanhangsel 3: Finansiële Verslag aanbieding

3.5	Begroting

Charl du Plessis lê die begroting vir 2016/2017 voor aan die vergadering. Besprekings punte na afloop van die verslag:

Opleiding sal weer plaasvind, die GCBBV sal die Instrukteur betaal wat die opleiding aanbied en lede moet vir hulle personeel betaal.

- Opleiding moet meer streeksgebonde wees, dit word deur Rudolf Andrag voorgestel en gesekondeer deur George Strauss.

3.6	Jaarverslag

Charl du Plessis gee terugvoering oor die afgelope jaar.
Aanhangsel 4: Jaarverslag

3.7	Algemeen

- Bertus Senekal gee terugvoering oor ‘n navraag ontvang vanaf Mev Bridget Jones aangaande die feit dat die Paardeberg Bestuurseenheid lede wat by Wynland Distrik Munisipaliteit moet betaal vir hulle brandpermitte en die GCBBV lede wat hul brand permitte by Weskus Distrik Munisipaliteit moet aanvra dit gratis kry. – Die WKDM sal met Wynland DM vergader en die situasie bespreek om vergunning te gee aan die Paardeberg Bestuurseenheid lede.
- Namakwa Distrik Munisipaliteit is ook nou onder die GCBBV grense geregistreer.
- Bestuurseenhede gaan voortaan opgedeel word om streekgebonde vergaderings te hou.
- Charl noem aan die vergadering dat die FDI (Fire Danger Index) en weerdata wat deur die GCBBV ontvang en uitgestuur word aan die lede, nog steeds deur GEF befonds word, asook die onderhoud van die weerstasies tot en met einde 2016.
- Rudolf Andrag rig ‘n versoek aan Charl om aan die bestuurseenhede ‘n raamwerk te verskaf waarvolgens hulle kan werk tydens nabetragtingsvergaderings. Charl bevestig dat hy aangewese raamwerk sal voorsien.

4.	**Weskus Nasionale Park: Geïntegreerde Brandbestuur**

Pierre Nel lewer ‘n voorlegging oor die werksaamhede van die Weskus Nasionale Park.
Pierre Nel maak ook van die geleentheid gebruik om die GCBBV te bedank vir die geleentheid wat hulle personeel ontvang het gedurende die opleiding in verskeie afdelings. Die opleiding het die SANParks personeel die nodige insig gegee om korrek op te tree tydens die bestryding van vure. *Hierdie voorlegging is beskikbaar op aanvraag.*

5.	**Afsluiting**

Die Voorsitter bedank almal vir hul bydrae en teenwoordigheid. Die vergadering verdaag om 13:30 vir middag ete.

6.	**Besoek aan WoF Vredenburg Basis**

Na die afloop van die middagete word almal genooi om die Vredenburg WoF basis te besoek. Die WoF span lewer ‘n vertoning aan almal teenwoordig, waarna almal verdaag.

_____

Bertus Senekal

GCBBV Voorsitter